Simposia en Konferensies

Die konflik tussen ontwikkeling en bewaring: Algemene inleiding

Die Tak Witwatersrand van die Afdeling Ingenieurswese van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het gedurende 1982 en 1983 die tema „Die konflik tussen ontwikkeling en bewaring" tydens die gereelde takvergaderings behandel. Die doel van die tema was om 'n bydrae te maak tot die vermoë van ingenieurs om in 'n veranderende wêreld steeds die welsyn van die mens te bevorder.

Die tema is in Augustus 1982 ingelei met die referaat „Die kuns om bewaring en ontwikkeling te versoen", wat reeds in die Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie verskyn het. Die referaat dui 'n filosofie en werkswyse aan wat die versoening van botsende vereistes moontlik maak. 'n Verdere referaat deur prof. P.R. Botha, voorsitter van die Raad vir die Omgewing, oor die rol van die Raad, by die tak se jaarvergadering in Februarie 1983 het gevolg. By die daaropvolgende vergadering in Mei 1983 het 'n paneel van vier sprekers oor die onderwerp „Kan 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika bewaring bekostig?", die gehoor gelei om saam te stem dat beide ontwikkeling en bewaring vir enige land noodsaaklik is en dat voortdurend na balans gestrewe moet word.

Vier referate wat die aard van die konflik nader belig het, het die besprekings by die tak se vergadering in Augustus 1983, ingelei. Twee van die bydraes word hier gepubliseer. Daar is aangedui dat konflik ook tussen alternatiewe ontwikkelingsaksies bestaan wanneer om dieselfde beperkte hulpbronne meegeding word. Landbou is onder andere as voorbeeld gebruik. Verder is die konflik met natuurbewaring geïllustreer, en die behoud van skoon lug aangeraak. Laastens is aangedui dat konflik ook die mens se maatskaplike (sosiale en ekonomiese) omgewing aanspreek.

Die behandeling van die tema is afgesluit met 'n bespreking by die takvergadering in November 1983 oor die doelmatige hantering van konflik tussen mense en tussen hulle belange, wat as die kern van die saak beskou word.

Die negatiewe invloed van ontwikkeling op die sosio-ekonomiese omgewing

P. Waanders
Senior Stads- en Streeksbeplanner, T.P.A.

1.1 Inleiding

In die voorwoord tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika word gestel dat ons oortuig is van die noodsaaklikheid om saam te staan om die onskendbaarheid en vryheid van ons land te beveilig; om die wet en orde daarin te handhaaf; om die geluk en die geestelike en stoflike welvaart van almal te bevorder.

Dit is dus duidelik dat alle ekonomiese en maatskaplike aksies gerig moet wees op die verbetering van die *algemene welvaart* in die land. Ten einde hierdie welvaart te laat realiseer, word die mens se omgewing gebruik, aangewend, gemanipuleer en soms vernietig. Hierdie aktiwiteite is sigbaar in die fisiese uitvoering van ontwikkelingsprogramme wat weer 'n wesenlike invloed op die sosio-ekonomiese omgewing van die mens het. Suid-Afrika staan ongetwyfeld aan die vooraand van ongekende *stedelike ontwikkeling*. Hierdie verskynsel is 'n *kenmerk* van die moderne samelewing en behels onder meer industrialisering, toenemende geletterdheid, toenemende kommunikasie, ekonomiese groei, groter sosiale en beroepsmobiliteit, groter vraag na gespesialiseerde dienste en aanpassings in die benutting van beskikbare tyd.

Aandag sal aan die *konflik* wat bogemelde kenmerke meebring, gegee word.

1.2 Konflik

Die tema handel oor die konflik tussen die mens en sy omgewing en in hierdie afdeling word stilgestaan by die sosio-ekonomiese omgewing van die mens. In die proses om die geluk en die geestelike en stoflike welvaart van almal te bevorder is ontwikkeling en groei nodig. Ontwikkeling bring noodwendig veran-

dering mee en verandering kan lei tot *wrywing* tussen die aansprake wat al die elemente van die omgewing op die relatief skaars hulpbronne van die land maak. Hierdie wrywing in die ontwikkelingsproses kan tot *konflik* lei wat ernstige gevolge op onder andere die sosio-ekonomiese omgewing van die mens kan hê. Die mate waarin die konflik gereguleer kan word, bepaal die geslaagdheid van die verandering en dus ontwikkeling. Die kernbegrip is dus *konflikregulering* en dit is in hierdie lig dat enkele voorbeelde genoem word.

2.1 Industrialisering

Een van die eerste kenmerke in die konflik tussen die mens en sy sosio-ekonomiese omgewing is industrialisering, wat reeds vanaf die nywerheidsrevolusie in Brittanje talle omwentelinge en wrywingspunte laat ontstaan het. Die proses is egter nie beperk tot historiese voorbeelde nie; dit vind vandag nog plaas. Normaalweg gaan die ekonomiese ontwikkeling van 'n streek deur verskeie fases, naamlik 'n primêre bestaansekonomie waar roofbou aan die orde van die dag is; gevolg deur 'n primêre ontginningsfase waar landbou en mynbou die belangrikste ekonomiese aktiwiteite is; daarna is daar 'n wegspringfase waar die eerste tekens van verwerking van produkte waargeneem word; hierdie fase word gevolg deur die markgeoriënteerde nywerheidsfase waar die uitvoer van vervaardigde goedere 'n dominante rol speel. Die markgeoriënteerde fase vereis gesofistikeerde vorms van kommunikasie sodat 'n tersiêre en kwaternêre fase ontstaan waar reëlings met betrekking tot die mark die grootste bydrae lewer. Hier dink ons aan banke, klaringshuise en in- en uitvoeragentskappe.

In die *Reader's Digest* van Augustus 1983 word die wrywing, konflik en pogings tot konflikregulering baie goed toegelig in die artikel ,,Saudi Arabia builds for tomorrow'':

,,Saudi Arabia is trying to compress the industrial revolution that lasted more than a century in the West into just a few decades. Pouring millions of petrodollars into development projects and private industry, the world's largest oil exporter plans to be among the advanced industrial countries before the turn of the century. ,In Saudi Arabia, we want to do everything quickly', says Hussein Sageni, Deputy Minister of Planning. ,If not today, then tomorrow.'

At the same time, the kingdom is trying to shield its people from the wrenching social and political upheavals that so often accompany rapid economic change. The Saudis hope to make the awesome leap of turning a significant portion of their population of former Bedouins into modern capitalists, without sacrificing traditional religious and social values.

Experts wonder whether this process can work; the obstacles are enormous.''

In Suid-Afrika het ons 'n soortgelyke konflik in die mens se sosio-ekonomiese omgewing, waar mense uit 'n soms nog voorkomende bestaansekonomie in die markekonomie beland. Die fases van ontwikkeling kan nie deurloop word nie omdat die welvaart van almal in die besluite oor konflikregulering op die spel is. Ten einde dié welvaart wel aan almal te laat toekom en ook om konflik op die politieke terrein te reguleer, word *desentralisasie* van die ekonomiese bedrywighede in Suid-Afrika voorgestaan. Hierdie desentralisasie staan in konflik met die trekkrag wat die markekonomie t.o.v. die sosio-ekonomiese omgewing uitoefen. Die middele vir konflikregulering was gevolglik die instelling van bepaalde aansporingsmaatreëls.

2.2 Toename in geletterdheid

Die toename in maatskaplike aktiwiteite is kenmerkend vir die opkoms van 'n sterk middelklas. In Suid-Afrika is al die bevolkingsgroepe vinnig besig om te moderniseer en om 'n sterk middelklas te ontwikkel. Geletterdheid is een van die belangrikste maatskaplike aktiwiteite in die moderniseringsproses.

Uitdrukkingsvermoë lei tot sosio-ekonomiese modernisering en dit verhoog politieke deelname, omdat hoër ontwikkelde mense normaalweg meer belangstel in wat om hulle aangaan. Die gevolg van hierdie modernisering is dat 'n snelle toename in verstedeliking verwag kan word. Dit saam met die toename in geletterdheid laat die vraag na onder andere witboordjiewerkgeleenthede verhoog. Die vermeerdering van organisasies en assosiasies soos vakbonde wat a.g.v. die sosio-ekonomiese ontwikkeling ontstaan, bring mee dat die aantal persone wat in groepsverband betrokke raak, vermeerder. Modernisering veroorsaak spanning en beperkings tussen stedelike groepe. Konflik verhoog en in sommige gevalle skep dit werklike groepsbewustheid. Konfliktregulering kan slegs plaasvind waar partye deur hulle uitdrukkingsvermoë tot 'n vergelyk kan kom. Die verskil in peil van geletterdheid en dus in die uitdrukkingsvermoë van die partye kan lei tot konflik in die sosio-ekonomiese omgewing van die mens.

2.3 Toename in kommunikasie

Voortspruitend uit die vorige kan die huidige toename in kommunikasie ernstige konflik in die sosio-ekonomiese omgewing van die mens meebring. Twee belangrike konfliksituasies ontstaan, nl. die massafisering van die mens en die soeke na partikuliere voordeel.

Tydens die groepvormingsproses met behulp van die massamedia word die individu 'n massamens waar sy eie oortuigings omvorm word in dié van die groep, en begin hy later die vermoë van individuele denke afleer en laat hy dit oor aan die groep. Die direkte konflik wat ontstaan, is dat niemand meer bereid is om 'n standpunt in te neem of om 'n besluit te neem nie. Die groep moet die besluit neem waaragter die individu kan skuil, en die beginsel van aanspreeklikheid gaan heeltemal verlore. *Onbetrokkenheid* het 'n ernstige negatiewe invloed op die sosio-ekonomiese omgewing van die mens begin uitoefen. Ons beroem ons daarop dat ons baie demokraties is en ons erken dus dat die grootste mate van welsyn vir almal geskep mag word sonder benadeling van die minderheid. In 'n demokratiese gemeenskap rus daar

'n gewigtige plig op elke lid om groepshandelinge dop te hou en sy sienswyse daaroor bekend te maak. Indien die lid versuim om gebruik te maak van sy regte en vryhede om groepsbehandelinge na waarde te skat en hom daaroor uit te spreek, sal hy nie die besluitnemers van outokratiese optrede kan beskuldig nie. Stilswye word in die reël as instemming beskou. *Deelname* ten spyte van die massafiseringsproses is 'n kernbegrip.

Tydens 'n openbare-deelname-oefening in Johannesburg oor die toekoms van die stedelike gebied was daar slegs 'n 2%-reaksie op die vraelys wat beskikbaar gestel is, hoewel erken moet word dat dié vraelys waarskynlik nie baie verstaanbaar vir die leek sou wees nie. Noudat die planne tot uitvoer gebring moet word, ontstaan allerlei probleme waar die individu benadeel word ten gunste van die groep as geheel.

Dit lei tot die tweede konfliksituasie, nl. die soeke na partikuliere voordeel of die stryd teen die meerderheid. In plaas van deelname, of soms uit reaksie as gevolg van ontevredenheid, ontstaan partikuliere drukgroepe wat die demokratiese beginsel verontagsaam en nie die beskikbare kommunikasiekanale gebruik om hulle griewe te lug nie. Die drukgroepe maak van gesofistikeerde metodes gebruik om druk op die besluitnemers uit te oefen. Konflik ontstaan wanneer partikuliere belange teenoor die algemene welsyn beoordeel moet word.

2.4 Ekonomiese groei

Reeds onder die kenmerk industrialisering is daar melding gemaak van die desentralisasie van aktiwiteite. 'n Verdere bydraende faktor tot konflik in die sosio-ekonomiese omgewing van die mens, is die produksiekoste van goedere en dienste in gebiede waar bepaalde aansporingsmaatreëls nie geld nie. Tesame met die ekonomiese en sosiale aantreklikhede van die stedelike komplekse is die produksiekoste in byvoorbeeld die grensgebiede van die land sodanig dat die ontvolking van die platteland 'n wesenlike probleem geword het. Uit 'n opname deur die RGN het geblyk dat veiligheidsoorwegings ondergeskik was aan ekonomiese oorwegings in die ontvolking van die Transvaalse grensgebiede. In strategiese gebiede is hierdie ekonomiese werklikheid so ernstig dat konflikregulering by wyse van wetgewing afgedwing word. (Die Wet op die Bevordering van Bevolkingsdigtheid in Aangewese Gebiede, 1979; Wet 87 van 1979.)

Die afdwing by wet van bepalings wat nog in konflik met ekonomiese werklikhede is, sal egter nie die gewensde uitwerking hê indien daar nie ook aan ekonomiese aspekte aandag gegee word nie. Gelukkig word dít ook nou besef en word die grensgebiede byvoorbeeld met elektriese krag bedien.

Die ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika is baie nou gekoppel aan die desentralisasiebeleid, maar tegelykertyd word daar besef dat ekonomiese groei vir stedelike komplekse die stimulus vir volgehoue groei sal bly. Dadelik is daar weer 'n konflik tussen desentralisasie en die markkragte wat konsentrasie bevoordeel.

Die metode vir konflikregulering bestaan daaruit dat werkers waar moontlik na die stedelike gebiede gebring word, en om dan te sorg dat hulle soveel as moontlik in gesinsverband binne hul woongebiede gehuisves word. Die mate waarin konflik gereguleer word, word bepaal deur die sosio-ekonomiese aanvaarbaarheid van die stelsel. Indien die stelsel nie aanvaarbaar is nie, bv. weens reiskoste, reistyd tussen woon- en werkplek of die aantal oorklimpunte, dan moet die aspekte waar konflik ontstaan, aandag kry. Gesofistikeerde vervoerstelsels is egter baie duur, wat weer tot konflik op ekonomiese gebied lei. Konflikregulering moet dus gesoek word in die ewewig tussen die nadele en die voordele van die sosio-ekonomiese omgewing van die mens.

2.5 Sosiale en Beroepsmobiliteit

Ten spyte van die moderne samelewing se opvatting dat daar êrens 'n gaatjie is waarin 'n mens pas, gebeur dit baie dikwels dat daardie gaatjie net te skeef of te klein is, en ontstaan sosiale en beroepsbeweging. Ontwikkeling dwing mense egter soms om hier bewegings te maak wat konflik in die sosio-ekonomiese omgewing meebring.

Die beste voorbeeld hiervan is waarskynlik die opruiming van slumgebiede, waar toestande sodanig is dat dit 'n gesondheidsgevaar vir die inwoners inhou. Met herontwikkeling word die een sosiale euwel wel opgelos, maar selde gebeur dit dat dieselfde mense weer in dieselfde woonbuurt hervestig kan word. Die gemeenskap word *ontwortel* en moet 'n nuwe heenkome vind.

Aan die ander kant weer kan ontwikkeling ander gevolge op die sosio-ekonomiese omgewing hê waar 'n groep ,,immigrante'' in 'n woonbuurt saamtrek, met die gevolg dat die bestaande inwoners hulle huise verlaat omdat hulle bedreig voel deur die nuwe aankomelinge. Dieselfde gebeur byvoorbeeld ook wanneer die karakter van 'n omgewing verander, bv. deur die onderverdeling van erwe of die toelating van ,,vreemde'' grondgebruike soos nywerhede. Die keuse tydens ontwikkeling is ,,aanvaar of trek'', maar die ,,aanvaar'' hoef nie altyd ,,aanpassing'' te impliseer nie.

2.6 Groter vraag na gespesialiseerde dienste

Ontwikkeling vereis gevorderde ondersteuningsdienste, veral in relatief onderontwikkelde gebiede. In die proses van desentralisasie en in die aansporingsmaatreëls moet spesiale aandag gegee word aan hierdie gespesialiseerde dienste. Hierdie dienste sluit fisiese dienste soos infrastruktuur in, maar ook maatskaplike dienste soos onderwys, hospitale, kleinhandel en diensnywerhede. In die voorsiening van die vraag na dienste ontstaan wrywing en konflik veral by die geïdentifiseerde ontwikkelingspunt. In die keuse van die plasing van bedrywe soos Sasol 2 en 3; chroomsmelters op Machadodorp, Lydenburg en Steelpoort; EVKOM-kragstasies by Standerton, Volksrust, Ellisras; en die dekonsentrasiepunt by Bronkhorstspruit, kom dit voor asof die dorpe 'n geweldige bate en stimulus tot groei sal hê, maar

wanneer die invloed daarvan nie net op die infrastruktuur nie, maar veral op die sosio-ekonomiese omgewing bepaal word, word die *skokeffek* daarvan op die gemeenskappe duidelik Daar word bereken dat met die oprigting van 'n kragstasie sowat 2 400 gesinne met verloop van tyd na die vestigingspunt getrek word. Hierdie syfer sluit die werkers van die kragstasie, die geassosieerde myne, sekondêre bedrywe soos ligte ingenieurswerke, bakkerye en dies meer in, asook dié van tersiêre bedrywe soos besighede, banke en ander kwaternêre dienste soos die bykomende onderwysers, polisie, prokureurs, ens. Die kultuurskok wat 'n dorp ondergaan wat glad nie gewoond aan 'n nywerheidswerker is nie of waar die immigrante hoofsaaklik anderstalig is, kan duidelik besef word en dit kan tot konflik lei.

2.7 Aanpassings in die benutting van beskikbare tyd

Vreemd soos dit mag klink, maar vrye tyd het vermeerder – waarskynlik net deur die beter benutting van beskikbare tyd. Die vermoë om tyd beter te benut is 'n gevolg van beter bestuurstegnieke, meganiese hulpmiddele en talle ander faktore. Maar wat word met hierdie beskikbare tyd gedoen?

„*Stedelike ontspanning en vryetydbesteding* is van die kenmerkendste verskynsels van die moderne, stedelike samelewing. Vryetydbesteding impliseer deelname aan die aktiwiteite wat die mens uit eie vrye wil kies, sonder dat hy aan enige dwang gebonde is, behalwe sy gewetensgebondenheid aan die norme van die gemeenskap waarbinne hy homself bevind. Deelname aan die ontspanning, hetsy aktief of passief, is vandag 'n besondere, sosiale kenmerk van 'n volwaardige, stedelike leefwyse en daarvoor moet noodwendig voorsiening gemaak word."

'n Ander aanwending van vrye tyd het veral in die buiteland en tans ook in Suid-Afrika gelei tot die voer van dubbelberoepe, soms binne die ervaringsveld van die persoon en soms in 'n totaal ander veld. Konflik ontstaan wanneer die beskikbare vrye tyd ten koste van die nie-vrye tyd aangewend word, en dit suiwer om ekonomiese redes en nie meer uit vrye wil gedoen word nie.

3. Slotopmerkings

Enkele negatiewe invloede van ontwikkeling op die sosio-ekonomiese omgewing van die mens is genoem, maar ten spyte daarvan is die mens *aanpasbaar* en aanvaar hy die negatiewe invloede as uitdagings wat op oplossings wag ten einde die geluk en die geestelike en stoflike welvaart van almal te bevorder. Die vraag is net watter prys betaal mag word – onthou hier word oor mensemateriaal gepraat.

Moontlike steenkoolontginning in die Krugerwildtuin

L. Alberts
Raad vir Mineraaltegnologie

Die ontginning van natuurlike hulpbronne sal uiteraard in mindere of meerdere mate 'n versteuring van die ekologie tot gevolg hê. Moeder Aarde sal noodgedwonge versteur word as die mens iets van haar oppervlakte of uit haar boesem verwyder. Die konflik tussen die bewaring van die natuur in sy oorspronklike vorm en die vereistes van tegnies-ekonomiese vooruitgang, bereik dan ook 'n hoogtepunt in die gemoedere van mense wanneer dit kom by 'n sieraad soos die Krugerwildtuin en 'n sleutelbedryf soos die Suid-Afrikaanse staalnywerheid.

'n Minimum van insig in die betrokke tegnologie is nodig. Die staalnywerheid benodig 'n sekere vorm van steenkool, bekend as kookssteenkool. Hierdie bepaalde organiese stof beskik oor sekere chemiese en meganiese eienskappe wat dit geskik maak vir die produksie van yster, afkomstig van die erts wat as ysteroksides in die natuur voorkom. Tans word hierdie vorm van steenkool in Natal gemyn en beskik die land oor 'n beperkte voorraad wat teen die huidige gebruikstempo en met inagneming van die verwagte nywerheidsgroei sowat een tot uiters twee dekades kan hou.

Dit is bekend dat daar 'n beperkte, moeilik mynbare hoeveelheid kookssteenkool in Venda voorkom, maar veral is daar potensieel ontginbare reserwes in die noordelike deel van die Krugerwildtuin. Laasgenoemde is nog nie behoorlik geëvalueer vir beide hoeveelheid en gehalte nie, maar voorlopige ondersoeke dui aan dat dit die totale ontginbare reserwes van kookskool sodanig kan opstoot dat voorsiening vir etlike dekades vooruitoe gemaak kan word. Hierdie steenkoolveld beslaan ongeveer 1% van die Krugerwildtuin se oppervlakte.

Vanweë die feit dat kookssteenkool betreklik skaars en duur is, kyk die staalnywerheid na alternatiewe tegnologieë ten einde die gebruik van dié betrokke kommoditeit so ver doenlik uit te skakel. Een van die tegnologieë is die produksie van vormkooks. Dit is eintlik 'n sintetiese kooks wat uit gewone steenkool vervaardig word. Steenkoolmengsels word in poeiervorm met behulp van bindmiddels (teer en pik) in bepaalde groottes gebriketteer en daarna in oonde verkooks. Nog nêrens in die wêreld is so 'n benadering op groot skaal in 'n staalnywerheid aangewend nie en derhalwe is die ekonomiese lewensvatbaarheid van die proses nog nie 'n sekerheid nie.

Roterende oondaanlegginge bied 'n ander alternatief, maar dan wel in samehang met die gebruik van

elektrisiteitsoonde – en elektriese krag word steeds duurder in die RSA.

Ons merk dus dat die staalnywerheid allermins nie meedoënloos voortbeweeg om net maar alle steenkool wat beskikbaar is, te ontgin nie. Die vraag bly egter: sal die alternatiewe roetes ekonomies lewensvatbaar wees?

Laat ons vir 'n oomblik die saak vanuit die gesigspunt van natuurbewaring in ag neem. Die Wildtuin is essensieel 'n nasionale besitting, maar andersyds is dit ook 'n internasionale besitting. Natuurliefhebbers in hierdie land en vanoor die hele wêreld het waardering en liefde vir hierdie unieke stukkie van die planeet. Om dit selfs in 'n klein mate te skend, sal Suid-Afrika se beeld onder dié groep mense geen goed doen nie. Voeg hierby die demotivering van 'n toegewyde wildtuinpersoneel en dan lyk dit na 'n taamlike hoë prys wat betaal moet word vir die ontginning van die kookssteenkoolreserwes in die Krugerwildtuin.

En dit bring ons by die kruks van die aangeleentheid. Om ekonomies-tegniese waardes wat wel kwantifiseerbaar is, op te weeg teenoor estetiese en gevoelswaardes wat nie kwantifiseerbaar is nie, bly 'n uiters moeilike saak.

Die meeste lede van die publiek sal in 'n volksreferendum seker stem vir geen skending hoegenaamd van die Wildtuin nie. As mens egter in die referendum sou byvoeg dat behoud van die Wildtuin elke Suid-Afrikaner 'n sekere bedrag per jaar gaan kos as gevolg van addisionele verhoging van die staalprys, vanweë 'n tekort aan kooks . . . dan mag die uitslag van die referendum anders lyk! As ons nou nog 'n addisionele prys net vir die natuurliefhebbers se rekening laat, sal laasgenoemde se getalle waarskynlik 'n drastiese daling toon.

Ons kom tot die volgende konklusies: die mineraalbedryf is die ruggraat van die Suid-Afrikaanse ekonomie en goud vorm tans die grootste komponent hiervan. Dit is egter allerweë bekend dat die RSA se goudreserwes nie onbeperk is nie en teen die einde van die eeu sal die huidige goudproduksie reeds met nagenoeg 50% gedaal het. As ons na moontlike plaasvervangende bronne van inkomste kyk, dan weet ons dat byvoorbeeld landbou nooit so hoog opgestoot kan word nie. Ook nie gesofistikeerde sekondêre nywerhede nie, want die RSA se potensiaal vir opgeleide mannekrag sal om 'n aantal redes in die volgende paar dekades te beperk bly. Die belowendste enkele plaasvervanger vir goud, volgens wat ons vandag weet, is vlekvrye staal en die RSA beskik oor die basiese metale, nl. yster, chroom en nikkel, waaruit hierdie belowende allooi saamgestel word. Maar hierdie metale kom hoofsaaklik in oksiedvorm voor en om hulle te reduseer tot die metaalvorm bly koolstof, afkomstig van steenkool, 'n primêre vereiste. Of dit nou kooks of gewone steenkool is, die RSA se toekoms is onlosmaaklik verbonde aan hierdie swart mineraal en daarom moet ons dit met die nodige ontsag en waardering bejeën.

Daarteenoor is en bly die Nasionale Krugerwildtuin een van ons kosbaarste erfenisse! Al sou die ontginning van die steenkoolreserwes aldaar dit slegs in geringe mate skend, sal dit 'n hoë geestesprys wees wat ons vir ons ekonomiese welvaart betaal. Laat ons dus met nugtere realisme besluit om liewer nie *nooit* te sê nie, maar eerder aan die nywerheid en die navorsers te sê: doen asseblief julle eerlike bes om ander weë te vind sodat dit nie nodig hoef te word om ons Wildtuin aan te tas nie.